NEDINE BLOM WEER VOLUIT!

As jy deur ’n paar moeilike toetse in jou lewe is en sterker ander kant uitgekom het, kan jy nie anders as om dit met dankbaarheid te vier nie. Dit is waar Nedine Blom nou in haar lewe is …

ARTIKEL **MARLI SWANEPOEL** FOTO **FRANCOIS BOOYENS**

Sy laat ’n mens dink aan ’n feetjiekarakter uit ’n kinderboekreeks met haar vlamrooi-hare, droomblou oë en ’n wipneusie wat sê daar’s ’n speelsheid in haar. En as sy opstaan om hartlik te groet, sien jy sy’s selfs nog korter en fyner gebou as wat ’n mens verwag van hierdie sangeres met die fluweelstem wat ook al ’n skoonheidskroon gedra het.

Al lyk dit asof haar fyn lyf wil wegraak in die denimjas met ’n *faux* pelskraag, is haar lewe nie klein en onsigbaar nie. Inteendeel, vroeër vanjaar nadat sy haar eertydse bestuurder, Louis van Wyk, vir seksuele teistering aangekla het, was daar groot publisiteit, groot golwe in die vermaaklikheidsbedryf, maar ook groot dankbaarheid in Nedine se hart dat alles nie verniet was nie ...

’n ANKER
OM AAN VAS TE HOU

“Ek het heeltyd geweet ek sal behoue bly, ek sal nie vernietig word nie,” vertel Nedine. Hierdie boodskap is oor en oor aan haar bevestig in Bybelverse en sms’e wat sy van vriende ontvang het. Sy kon ook nie anders as om heeltyd terug te dink aan die droom waarin sy glo God met haar gepraat het nie. Die droom het gekom op ’n tyd toe sy deur ’n emosioneel swaar tyd gegaan het met die besluit of sy moes uitpraat oor die teistering of nie.

“Ek het een oggend wakker geword met ’n amper onwerklike gevoel dat die Here my besoek het deur die nag. Ek het na my man, Bertie, gekyk en vir hom gesê: ‘Die Here het vir my ’n droom gegee’.” Sy het vir Bertie vertel die Here het vir haar die see gewys, maar vol menskoppe – duisende van hulle. “Dit het gelyk soos ’n toneel uit Titanic.”

“Dis die ongereddes,” het God in die droom aan haar verduidelik. “Toe sê Hy vir my: ‘Ek wil hê jy moet ’n armband maak. Dit moet help om mense te red vir my Koninkryk’.” In haar droom kon sy presies sien hoe die armband moes lyk. Daar moes ’n anker wees wat die hoop wat God vir sy kinders gee, simboliseer. Sy het ook ’n rots gesien, wat weer verwys na Jesus as ons sterkte en veilige vesting.

STILERING **WENDY SPINKS @ SHINE** HARE EN GRIMERING **TAMSIN ALDRICH** KLERE **Ella b** OORBELLE **ACCESSORIZE**

“Die Heilige Gees het die Here vir my in ’n duif gewys, met ’n takkie in sy bek, soos met Noag.”

Die Here het haar ook gewys dat sy vir Liesel Krause Wiid moes bel. Sy is die *link* wat my gaan help om hierdie armband in die wêreld in te stuur, het ek deur die droom verstaan.”

Dieselfde oggend nog het Nedine vir Liesel geskakel en van haar droom vertel. “Sy was oorstelp en het gesê sy kan dit nie glo nie, want FINESSE en Essentials-juwele wou al baie lank ’n spesiale juweelstuk maak.”

Later het die idee gekom om dit ’n dankbaarheidsarmband te noem. “As jy elke dag die armband dra, sal jy, wanneer jy dit sien, onthou om dankie te sê vir God se hoop, die Heilige Gees wat jou lei en vir Jesus wat jou rots is,” glo Nedine. Boonop gaan die armband op nog ’n besondere manier ’n verskil maak: “Ons het besluit dat ’n gedeelte van die geld uit die armband moet gaan vir WAWA (Women against women abuse).”

Die groep van agt vroue uit die vermaakwêreld, waaronder groot name soos Patricia Lewis en Liane Heyl, wat na vore gekom het om hul teisterverhale te vertel, het hierdie organisasie gestig. En as deel van WAWA wil Nedine vroue bemagtig wat emosioneel seergekry het of seksueel misbruik is. “Dis my droom om ’n huis op te rig, soos ’n hawe waarheen ’n vrou een uur in die nag kan vlug, want die probleem is dat die persoon wat in die magsposisie is afhanklikheid skep by sy slagoffer: of dit nou ’n man of ’n werkgewer is. Mettertyd is my groter droom ’n personeelagentskap sodat daardie vroue wat geteister is, verwyder kan word uit die slegte werksituasie en geplaas kan word in veilige werksomstandighede wat deur ons goedgekeur is.”

Die ROTS
WAAROP SY STAAN

Nedine sien haarself as ’n instrument wat die Here gebruik het om te sê: “Die teistering en molestering van vroue en kinders moet nóú stop”. >

Tog wil sy nie hê mans moet dink dit is 'n haatveldtog teen hulle nie. "Daar's wonderlike mans daarbuite, mans soos my man wat net liefde en ondersteuning gee. Maar dis die mans wat nie hul vergrype kan keer nie, wat ander mans se naam deur die modder sleep. Daarom pleit ek ook by mans wat weet van sulke goed by die werkplek om hulle daarteen uit te spreek."

En ja, in haar verlede het sy self al hard geval ... genadiglik elke keer tot op die Rots. Sy glo in eerlikheid, om in 'n glashuis met skoongewaste ruite te woon. "Ek is nie 'n *glamorous girl* wat lyk soos Paris Hilton en alles is perfek in my lewe nie. Egte mense is mense wat deur pyn en gebrokenheid is. Ek is deur 'n egskeiding as kind, is verwerp deur my pa en vandag is ek self 'n stiefma van twee kinders, Amor en Christiaan. En," voeg sy by, "hersaamgestelde gesinne is nie 'n grap nie.

"As mense net kan leer om eerlik te wees in hulleself. Om te sê, dit is waardeur ek is ... As daardie goed in die lig is, wat bly oor?" vra sy. In die tyd toe die mediabohaai op sy felste was, is lasterlike briewe oor haar na Son en Huisgenoot gestuur oor haar en Bertie se destydse ontmoeting, maar dit pla haar nie. "Ek gaan nie toesmeer nie ...

"Ons almal het foute: ek was in 'n owerspelige verhouding betrokke. Maar die Here vergewe ons en Hy't my eens ongewenste situasie gebruik juis om my te laat verstaan waardeur mense gaan wat ontrou is in hulle huwelik. Bertie was nog 'n getroude man toe ons ontmoet het en mettertyd het 'n verhouding ontstaan. As 'n vrou vandag met my kom praat en sê: 'Daar is 'n derde party in ons verhouding', kan ek vir haar sê: 'Ek's deur dieselfde situasie en die Here is nog steeds lief vir jou en Hy gaan saam met jou hierdeur'."

Sy was 'n jong prokureursklerk op Rustenburg toe sy die eerste keer saam met Bertie aan 'n saak gewerk het. Die ring aan sy vinger het sy dadelik opgemerk. "Ek onthou ek het gedink: Sjoe, hy moet 'n ongelooflike vrou hê, want hy is 'n ongelooflike man. Ek het nog die foto's van sy twee kindertjies op sy boekrak gesien en gedink, dis *great* om iemand te sien wat gelukkig getroud is."

'n Jaar later het sy hom weer raakgeloop. "Ons het totaal en al verlief geraak, maar ek het geweet dis moeilikheid, want hy is getroud en ek is nie grootgemaak om 'n verhouding met 'n getroude man aan te knoop nie. Ons het eenvoudig net nader aan mekaar gegroei."

Al was die gelukkige prentjie van Bertie, sy gewese vrou en twee kinders toe nie so rooskleurig soos Nedine aanvanklik gedink het nie, is sy verskeur deur konflik, selfverwyt en skuldgevoelens – veral nadat sy swanger geraak het met Bertie se kind. "Toe ons uitvind ek is swanger, het ek vir hom gesê: 'Ek's *okay*, ek sal ons kind alleen grootmaak. Ek moes hom vrymaak sodat hy sy eie keuses kon maak." Maar Bertie, wat toe reeds uitgetrek het by sy vrou en om 'n egskeiding gevra het, het net vir haar gesê: "Ek is lief vir jou, ek gaan jou nie verloor nie!"

Nedine vertel: "Hy het my verseker dat hy, sy toe steeds ongelukkige huwelik, lank reeds moes beëindig het, want amper sewe jaar terug het daar al 'n skeuring in hul huwelik gekom toe hy vir die eerste keer die huis verlaat het. Ongeag berading en volgehoue pogings kon hy nie die huwelik laat slaag nie."

"Ons het deur swaar tye gegaan. Daar was tye wat ek gedink het ons gaan dit nie maak nie. Daar was terapeute en gesinsterapeute en baie pyn ..." Bertie en Nedine is nou ses jaar getroud. "Ander mense sê die eerste vier jaar van hulle huwelik is lekker en sorgvry; soos 'n wittebrood. By ons was dit net mooi anders om: ons eerste vyf jaar was omtrent hel, daar was goeie tye, maar daar was meer pyn." Nóú eers, voel dit vir haar, gaan hulle, hulle *honeymoon*-tyd in.

"Miskien eendag as ek in die hemel is, sal die Here vir my die antwoord gee en vir my sê: 'Ek het jou vergewe, dit was nie binne my wil vir jou nie ...' of miskien 'Dit was deel van my wil vir julle al vyf, want Ek wou hê julle elkeen moes iets leer hieruit'."

Die DUIF
WAT HAAR VLERKE GEE

Vir haar is 'n mens se lewe eintlik maar soos 'n korreltjie sand in 'n oester. "Ons begin klein, dan kom die storms en die seestrome en waai 'n bietjie sand in die oester in en ander sand uit. Daardie sand word naderhand 'n pêreltjie, maar dit is nie van die begin af die mooiste pêrel nie. Dit is 'n dowwe pêrel. Jy kan niks doen met 'n dowwe pêrel nie, maar 'n blink pêrel is baie werd. Net so, is ons niks werd as ons nie tekstuur het nie. Lyding en swaarkry gee tekstuur. Hoe meer seer ons kry, hoe mooier word ons hier binne-in." Partykeer dink sy die Here het besluit om haar op 'n *crash course* van swaarkry te sit. "Ek kan nie uitgaan en 'n verskil maak as ek nie tekstuur het nie."

Tydens die hele teisteringsage het sy geleer om uit te styg, soos 'n duif. "Om net 'n bietjie van bo af neer te kyk op jou situasie en perspektief te kry. Ek het na 'n terapeut gegaan om te gaan praat. Vir my was dit 'n helings- en 'n terugkykproses. Ek het gaan kyk wat vyf jaar terug gebeur het en besef ek het daardeur gekom, so *wow*, ek gaan hierdeur ook kom!"

'n Nuwe seisoen het in haar lewe aangebreek. "Waar ek voorheen opstandig was en myself verwyt het, het ek nou vrede. Dinge is nie meer vir my 'n berg wat ek moet klim nie, dit is nou meer 'n rivier waaroor ek kan roei terwyl ek die uitsig kan geniet." Al lê daar waarskynlik nog 'n hofsaak voor (sy't Louis van Wyk vir R1,4 miljoen gedagvaar weens die beweerde seksuele teistering) besef sy ook nou: "Die lewe gaan aan, jy is nog steeds 'n sangeres, 'n prokureur, 'n vrou en ma, nog steeds die mens wie jy was."

> "Egte mense is mense wat deur pyn en gebrokenheid is."

Die groei wat in haar lewe plaasgevind het, lê sy ook voor die deur van haar ongelooflike jaar as Mev. Verenigde Nasies. "By Mev. VN het ek vir die eerste keer in my lewe vriendinne gemaak wat *friends for life* is, geestelike vriendinne wat deurentyd vir my ingetree het," vertel sy. Om te dink dat sy amper nie ingeskryf het vir die kompetisie nie ... "Ek wou nie, ek is nie 'n *beauty queen* nie." Die dag toe die inskrywings sluit, het dit haar die hele tyd gepla totdat sy uiteindelik die organiseerder, Zantie Swanepoel, gebel het.

Selfs nadat sy gekroon is, het sy 'n hele ruk lank gedink sy is dit nie werd nie, die Here moes eintlik iemand anders laat wen het. "Die ongelooflike ondersteuning wat ek egter ontvang het van my mede-deelnemers het my laat besef dat ek tog 'n waardige wenner is. Tydens die Louis van Wyk-insident het byna al daardie vroue my geskakel en gesê: 'Ek weet nou dat jy die kroon moes dra, want nou het jy 'n platform van waar jy kan praat.'

"Ek het 'n stem gekry! Ons word mos grootgemaak om nie die laaste koeksister te vat nie. Maar ek het nou geleer: Vat daai laaste koeksister! Jy is op hierdie aarde gesit om sterk te wees en om op te staan vir dit waarin jy glo. Dit is wat die hele saak met Louis my geleer het. Ek het geleer dat ek baie meer innerlike krag het as wat ek gedink het." Haar pêreltjie het nou begin blink ...

NEDINE SÊ DANKIE VIR ...

- **Adriaan (5)** Elke keer as ek 'n glimlag van my seuntjie kry, of hy sy koppie so sag teen my skouer druk, is ek so ontsettend dankbaar vir die voorreg om sy ma te kan wees.
- **'n Hoë noot** Ek het vir amper twee jaar gesukkel met my stem as gevolg van erge allergieë en kon met tye glad nie sing nie. Te danke aan 'n wonderlike dokter het ek nuwe medikasie gekry en is die probleem nou opgelos. Soms sit ek nou sommer in die bad en gil so 'n lekker lang, hoë noot uit – tot my gesin se groot frustrasie.
- **Ons huishulp Maria** As ek na 'n lang dag in ons huis instap en alles is so presies en skoon en op hulle plek, voel dit vir my of ek Maria om die nek wil val. Ons lewe is ook maar gejaagd. As ek dink hoe die huis lyk as ons in die oggend daar uit dwarrel, en hoe mooi netjies alles in die aande is, kan ek net dankie sê. Maria is ons engel! F

So dankbaar soos wat jy is,
só gelukkig sal jy wees!
John Miller

Jou FINESSE Dankbaarheidsarmband

In samewerking met **Nedine Blom** stel ons die **FINESSE Dankbaarheidsarmband** bekend. Ons hoop dat dit jou elke dag sal herinner aan al die mooi dinge in jou lewe; dinge wat ons elke dag sommer as vanselfsprekend aanvaar.

Kyk elke dag na

die ANKER
en sê dankie vir die Hoop wat net God kan gee
die DUIF
en sê dankie vir die Heilige Gees wat jou lei
die ROTS
en sê dankie dat Jesus altyd daar is vir jou
die PÊRELS
en onthou dat jy deur moeilike tye sal gaan, maar dat dit jou sal suiwer en sterk maak ten spyte van die storm wat om jou woed.

Met baie liefde en 'n hart wat oorloop van dankbaarheid
FINESSE & Nedine Blom

Hierdie unieke armband kan joune wees!
Skakel Sanet Genis by (016) 982 3617 en bestel jou FINESSE Dankbaarheidsarmband nou!
Prys: R399,95 + R23 posgeld